## 3 Die vertelling van die storie met jou stem

**Modulasie** behels elemente soos toonhoogte, tempo, volume en stemtoon. 'n Goedgemoduleerde stem is interessant om na te luister en maak dit vir mense makliker om te verstaan en te onthou wat jy sê.

Dit is belangrik om die toonhoogte van jou stem af te wissel as jy wil hê mense moet na jou luister. Jy kan verskillende toonhoogtes gebruik om seker te maak dat spesifieke woorde uitstaan, byvoorbeeld hoër toonhoogtes vir opgewondenheid en laer toonhoogtes vir ernstiger sake.

Varieer die **tempo** van jou spraak. Die tempo moet soms vinniger wees, soos wanneer die aksie na 'n hoogtepunt toe opbou, en ander kere moet dit stadiger as gewoonlik wees.

Moenie net die hardheid (**volume**) afwissel nie, maar ook die krag of intensiteit van jou stem. Jou gevoelens en houding word in jou **toon** weerspieël.

Besluit watter uitwerking jy op jou gehoor wil hê. Goeie modulering kos oefening en nog oefening!

### Aktiwiteit 11 Die verandering van jou stem

Kies vyf frases uit jou volksverhaal. Probeer om woorde en frases te kies wat sterk en uitdrukkingsvolle **werkwoorde** en **byvoeglike naamwoorde** het.

Eksperimenteer met die volgende:

1. Probeer verskillende toonhoogtes totdat jy die beste toonhoogte vir die frase kry.
2. Praat stadiger, praat duidelik en maak 'n pouse ná belangrike frases sodat die luisteraar kan inneem wat jy so pas gesê het.
3. Gebruik 'n verandering in toonhoogte of volume om die belangrikheid van 'n woord of frase aan te dui.
4. Wanneer jy passievol is, word stiller voordat jy die belangrike reël voordra. Sê die sleutelwoorde of -sin dan sterker en duideliker.

**werkwoorde** – 'doen'-woorde soos hardloop, swem, slaan, jaag of skop

**byvoeglike naamwoorde** – 'beskrywende' woorde soos lank, dun, krapperig of mooi